



**Wes-Kaapse  
Regering**

Onderwys

**2014 Telematics  
Graad 12**

**Afrikaans Huistaal**

**Prys: R2,00**

Liewe Graad 12-leerder

Jy is nou al vertrouwd met die Telematiese onderrigprojek en weet dat dit slegs as ekstra ondersteuning dien om dit wat die onderwyser gedurende gewone klastyd doen, vas te lê.

Bring die bronmateriaal saam na elke Telematiese uitsending en gebruik dit ook wanneer jy vir toetse en eksamens oor Gedigte voorberei. Die eerste kwartaal se uitsendings vir Afrikaans Huistaal vind op die volgende dae en tye plaas:

- Dinsdag 11 Februarie vanaf 15:00 tot 16:00 – *Nuus uit die binneland*
- Vrydag 14 Februarie vanaf 16:00 tot 17:00 – *'n tipe epistemologie van water*

Die lesse word aangebied deur 'n kundige onderwyser wat spesiaal vir hierdie onderrigprojek aangestel is. .

Die antwoorde op die vrae in hierdie Bronmateriaal verskyn op die Moodle-webtuiste van die Universiteit Stellenbosch se Telematiese dienste. Jul skool behoort die webadres, 'n gebruikersnaam en wagwoord te hê.

Telematiese lesse oor Afrikaans Huistaal is in 2010, 2011, 2012 en 2013 uitgesaai en op DVD opgeneem. Die DVD's behoort by jou skool te wees of jy kan dit verkry deur EDUMEDIA by (021) 689 9536 te skakel.

Alles van die beste.

C. J. Banda  
Senior Kurrikulumbepanner: Afrikaans (VOO)

21 Januarie 2014

---

## INLEIDING

Jy moet weet

**Wat** die digter in die gedig sê asook  
**Hoe/ waarmee** dit gesê word

Die "**wat**" van die gedig verwys na die storie/ samevatting van die inhoud en die boodskap wat die gedig oordra. Die "**hoe**" verwys na die verstegniese middele (bv. leestekens, beeldspraak, tipografie, stylfigure) wat gebruik word om die boodskap oor te dra.

Maak seker dat jy hierdie verstegniese middele kan **uitken** en ook die spesifieke **funksie** daarvan kan omskryf, bv. die funksie van alliterasie, inversie, ens.

---

## Nuus uit die binneland

Vir Dirk Opperman

1. Soms in die winter as die reën sag stuif
2. op grasperke, dig en diep soos 'n tapyt –
3. as hy die rotsige bergreeks wegskuif
4. agter 'n misgordyn as voor die ruit
5. popliere, eike en kastaiingbome
6. saamvloei, en ons versink in blaargroen drome
7. terwyl ons oor 'n ou beskawing lees –
8. dan gryp die onwerklikheid ons met die loop
9. van waters wat kalmeer, en in die gees
10. vou grys en sat die graafskap Surrey oop.

11. Soms in 'n najaarsdag se skemerty
12. stap ons in 'n stil straatjie en gewaar
13. deur 'n ou bolig, kunstig uitgesny
14. in vleggende patroon van druif en blaar,
15. die lig van verre dae: Ons word gesluk
16. soos deur 'n mond; die louterse getik
17. van 'n ou horlosie vervang ons ontstoke
18. harte se ritme in die kamerhoek,
19. en ons gestaltes kwyn tot stywe spoke
20. in die vernislaag van 'n Delftse doek.

21. Maar as die bergwind so rukkerig waai
22. en tussen ons rondkrap soos 'n stok
23. in 'n miershoop in die palms blaai
24. nes 'n barbaar in 'n keurige boek –
25. dan is ons rillend buite alle mure
26. wat ons opstapel in redelike ure
27. met doel en plan –
28. ruik ons droogte en brand, en gerug
29. van sprinkaan, aardbewing en oproer
30. op daardie skroeiende binnelandse lug
31. – dan, dan
32. weet ons op watter vasteland ons boer.

### Vrae:

1. Wat is die struktuur-ooreenkoms tussen die beginreëls van strofe 1 en 2?
2. Watter woorde in strofe 2 het min of meer dieselfde betekenis as “ou beskawing” in strofe 1?
3. Dui kortliks die progressie in hierdie gedig aan.
4. Verklaar die metafoor: “alle mure wat ons opstapel” in strofe 3.
5. Die digter maak van 'n sekere tegniek gebruik om die nuus vanuit die binneland later in die gedig bekend te maak.
  - 5.1 Wat word hierdie tegniek genoem?
  - 5.2 Wat word hierdeur bereik?

**Opstelvraag:** Bespreek die kontraste in hierdie gedig deur spesifiek na die volgende te verwys:

- die kontrasterende wêreld/beskawings wat hier ter sprake is (3 feite)
- die kontras in beeldspraak wat gebruik is (4 feite)
- die kontras in die stemming wat in strofes 1 en 3 voorkom (3 feite)

1 Die hemel was somber suf van die gietende reën  
2 skeef gearseer,gebuig deur windstrome ...  
3 Dit was getint in vuur se kleure voortgebring uit  
4 bliksemkigte  
5 wat die wolke gereep en verfladder het, die fakkels  
6 waarvan die groot waters oor die oorspoelde valleie  
7 geslaan en oopgekloof het, en waar dié ontbloot is  
8 het die omgebuigde boomkruine sigbaar geword in die  
9 dieptes...  
10 dat jy daar kon sien saamgewriemel op die baie bergspitse  
11 allerlei diere die marmotjies die girafs die skuifelende reptiele  
12 oplaas getem met die peupel mans en vroue wat boontoe  
13 gevlug het met kind en kraai. En die landerye  
14 onder water se brandertoppe was besaai van tafels,  
15 katels, arke, balies, kosyne, stompe, karavane, vrieskaste,  
16 kateders, kroegtoonbanke en 'n flottielje vlotte  
17 saamgeflans in nood en vrees vir die dood  
18 (so glibberig, so log), waarop 'n norring vare en moere met  
19 roos  
20 kon hurk terwyl hulle arpeggio's eoniese krete  
21 en verwyte en jammerklagte uiter, lamgeslaan  
22 deur die wind se woede wat die waters laat rol  
23 laat rol laat rol ... tesame met die glinsterende  
24 groen lyke van die verdrinktes, 'n mompeling  
25 van dooie vlees weer en weer en weer...

Uit: Die *ongedanste dans* – *Gevangenisgedigte 1975-1983*, 2005

**Vrae:**

1. Toon aan hoe die titel by die inhoud van die gedig aansluit.
2. Wat is die funksie van die inversie in reël 8 en 9?
3. Na watter 2 dinge verwys die deel in parentese, “so glibberig, so log” (r. 16)
4. Die spreker maak van uiters beskrywende woorde gebruik.
- 5.1 Wat wou die skrywer met die woord “saamgeflans” in reël 17 bereik?
- 5.2 Toon aan hoe die woord eoniese (reël 20) die lesers se ervaring van die mense op die vlotte beïnvloed?
6. Verduidelik die personifikasie in:  
“lamgeslaan/deur die wind se woede wat die waters laat rol laat rol laat rol het”  
(reël 21/22)

## VERSTEGNIESE MIDDELE BY DIE ONTLEDING VAN 'n GEDIG

### 1. AANDAGSTREEP ( – )

Dit word gebruik om 'n pouse of onderbreking van gedagtegang in 'n sin aan te dui.

Dit dui gewoonlik 'n kontras aan.

Dit word gebruik om parenteses aan te dui.

die uitsteltegniek word dit gebruik om die aandag op die klimaks te vestig.

Eugène N. Marais se *Mabalél*

“Is daar niks wat jou vertel – “

### 2. AANGESPROKENE

Dit is die persoon wat deur die spreker in die gedig aangespreek word, d.w.s. met wie die **spreker** praat.

### 3. ALLEENPLASING

Dit is wanneer woorde of sinsnedes ter wille van beklemtoning / uitheffing geïsoleer word.

S.J. Pretorius: *Harlekyn van die dieretuin*

“Hy sien die agies...

Dan wip hy, skielik mal,

van paal na klip,

van klip na krip”

Peter Snyders: *Versagtende omstandighede*

“Oe here, ek hoor dis so wonderlik

innie hiemel,

maa Here, vergiewe,”

### 4. ALLITERASIE

Die herhaling van dieselfde konsonant of medeklinker kort na mekaar. Alliterasie is 'n rymvorm waar die konsonant wat herhaal word, allitereer word om alliterasie te vorm.

#### WAAROM GEBRUIK DIE DIGTER ALLITERASIE?

- Dit kan gebruik word as klanknabootsing
- Dit kan 'n sekere aspek beklemtoon
- Soms word dit sommer as blote versiering gebruik.

### 5. ANTONOMASIA / NAAMVERWISSELING

Dit is verwant aan die metafoor. 'n Eienaam word in die plek van 'n beeld gebruik.

'n Sterk man sal 'n “Simson” genoem word.

Iemand wat baie kla, sal 'n “Jeremia” genoem word.

### 6. APOSTROOF

Die apostroof word gewoonlik gebruik om 'n persoon (dood of lewend) in sy afwesigheid aan te spreek.

Ook iets abstraks, bv. skoonheid, die liefde, seisoene en konkreets, bv. die see, kan apostrofies aangespreek word. In die gedig, *My siel, Pa*, word die pa dwarsdeur die gedig in sy afwesigheid aangespreek.

### 7. ASSONANSIE

Wanneer die vokale van woorde kort na mekaar herhaal word, noem ons dit assonansie. Assonansie word gewoonlik gebruik om 'n sekere stemming te skep.

Lang klanke veroorsaak dat 'n mens die woorde stadig móét lees en daarom klink dit meer verhewe, terwyl kort vokale die effek het dat dit haastig, opgewonde, gejaagd klink.

## 8 ASTERISK (\*)

'n Sterretjie in skryf- en drukwerk wat gewoonlik na 'n voetnota verwys. Die asterisk kan ook tydsverloop aandui.

## 9. BEKLEMTONING / UITHEFFING

Deur sekere betekenis uit te hef of te benadruk/aksentueer, word die gedig ontsluit. Beklemtuning / uitheffing vind op die volgende maniere plaas: alleenplasing van woorde of sinsnedes; belangrike woorde word gewoonlik aan die begin of einde van die versreël geplaas; veranderde woorde, woordorde of sinsnedes; hoofletters of skuinsdruk; leestekens voor of na 'n woord; wisseling in metrum; woorde in rymposisies; herhaling van woorde, sinsnedes en sinne en kontrastering

## 10. BELETSELTEKEN (...)

Soms laat 'n skrywer of digter woorde weg en gebruik 'n beletselteken in die plek daarvan, of hy gebruik aan die einde van 'n sin nie 'n punt nie, maar drie stippels.

- Dit word gebruik om aan te dui wanneer 'n aanhaling onvolledig is.
- Dit dui dikwels 'n wending in 'n gedig aan.
- Dit dui 'n onderbreking van 'n gedagte aan.

Breyten Breytenbach: *'n tipe epistemologie van water:*

“het die omgebuigde  
boomkruine sigbaar  
geword in die dieptes ...”

## 11. ELEGIE

'n Klaaglied, lykdig; treursang – lied oor die dood van 'n beminde.

## 12. ELISIE

Dit is die weglating van 'n klank in 'n woord ter wille van rym en ritme  
ned'rig i.p.v. nederig

## 13. ENJAMBEMENT

Wanneer een versreël “oorloop” in die volgende vers sonder die onderbreking van 'n leesteken, noem ons dit 'n enjambement. Die funksie is om rym te verdoesel en/of om die tempo en ritme van die gedig te beïnvloed.

P.J. Philander: *Sonsverduistering*

“Langsamerhand, geruisloos skuif die vlek  
van skadu en verklein die skelboog  
van son...”

## WAAROM GEBRUIK DIGTERS SOMS ENJAMBEMENTE?

1. Dit lei die aandag van die rym af ('n mens hoor skaars die rymwoorde). Die rym word so “weggesteek” dat ons dit *rymverdoeseling* noem.
2. Die digter wil ook hê dat die versreëls aaneenlopend gelees moet word, sodat daar 'n deurlopende gedagte geskep word.

## 14. EUFEMISME

Versagte woord of uitdrukking; verbloeming. Wanneer jy dit wat jy wil sê sagter stel om die harde werklikheid te verbloem.

Vir **sterf** gebruik ons verskeie versagte of eufemistiese terme, bv. *heengaan, nie meer daar nie, ontslaap*.

## 15. HERHALING

Herhaling is 'n baie algemene verskynsel en effektiewe stylmiddel en in gedigte kan dit as 'n belangrike boumiddel beskou word.

Woorde en woordverbindings kan herhaal word, versreëls kan herhaal word, so ook strofes. Die funksie van herhaling is dikwels om die indruk of die beeld te versterk, bv. "my siel, Pa ..." wat in elke strofe herhaal word.

#### 16. HIPERBOOL

'n Stylfiguur waarin buitensporige, doelbewuste oordrywing gebruik word; om iets groter as wat dit werklik is, voor te stel, bv. Hulle het ons 'n berg koek gegee om te eet.

#### 17. INKEPING

Dit is waar 'n versreël met tipografiese wit voorafgegaan word.

Breyten Breytenbach: *'n tipe epistemologie van water*

#### 18. INTERTEKSTUALITEIT

Intertekstualiteit is die vorming van die betekenis van 'n teks (in hierdie geval 'n gedig) deur ander tekste.

Dit kan verwys na 'n outeur wat uit ander tekste leen of 'n vroeëre teks verwerk of vervorm. In die geval van "*Vrou langs die pad*" gebruik die digter, L. Esterhuizen dieselfde struktuur en voorstelling van C.M van den Heever se klassieke gedig "*Die gevalle Zoeloe-Indoena*" oor 'n mens wat gesterf het, maar plaas dit in ons kontemporêre ruimte van 'n vrou wat in 'n plakkerskamp woon en wat in 'n tref-en- trapongeluk sterf en langs die pad lê.

#### 19. INVERSIE (omgekeerde woordorde)

Inversie is 'n *omkering van die gewone woordorde*. Soms word inversie gebruik om 'n sekere woord aan die einde van die versreël te plaas net ter wille van rymklank. Dit kan ook gebruik word om 'n sekere woord te beklemtoon of om 'n sekere ritme in die versreël te skep.

#### 20. IRONIE

Die teenoorgestelde van wat verwag word. Die digter of skrywer sê iets, maar iets heeltemal anders word daarmee bedoel.

#### 21. KLANKNABOOTING (ONOMATOPEE)

Wanneer 'n gehoorde klank (soos die geluid wat geld, 'n kat, bye, 'n voël maak) in woorde nageboots word. (bv. Zoem, brrrm – brrrm, ens.)

#### 22. KOEPLLET

Strofes van **TWEE VERSREËLS ELK**. As die twee versreëls boonop met mekaar rym, is dit **RYMENDE KOEPLLETTE**.

#### 23. KONTRAS / TEENSTELLING/ ANTITESE

Hier word *twee uiterstes teenoor mekaar gestel* om sodoende deur **kontras** die aandag sterk te vestig op wat gesê word.

#### 24. METAFOOR

'n Digter gebruik 'n metafoor wanneer hy nie twee sake langs mekaar stel soos in 'n vergelyking nie, maar die een direk in die plek van die ander. 'n Metafoor moenie as 'n "beknopte vergelyking" gesien word nie, maar 'n heeltemal oorspronklike woordskepping:

Piet is so nors soos 'n buffel vandag. - vergelyking.

Piet is darem vandag 'n buffel. - metafoor

Die ou buffel! Hoor wat sê hy. - metafoor

*N.P. van Wyk Louw: Vroegherfs*

"Die jaar word ryp in goue akkerblare"

#### 25. METONIMIA / OORNOEMING

Twee sake of begrippe wat nou met mekaar in verband staan, word in verband met mekaar gebring. Die pen is magtiger as die swaard. (pen = skrywer; swaard = vegter)

## 26. OKSIMORON

'n Stylfiguur waarby twee teenoorgestelde begrippe, beelde of voorstellings met mekaar verbind word, bv. *Onnosele slimkop* of *ou nuus*. Die teenstelling bestaan uit  **twee woorde**  wat op die oog af verkeerd lyk, dit is dus 'n opsetlike teenstrydigheid.

## 27. OKTAAF

'n Strofe wat bestaan uit 8 versreëls. 'n Italiaanse sonnet bestaan gewoonlik uit 'n oktaaf en 'n sekstet. Die oktaaf in 'n Italiaanse sonnet kan ook bestaan uit twee kwatryne.

## 28. PAARRYM

Wanneer 'n gedig se rymskema *aabb* is, noem ons dit paarrym. Dieselfde rymklank bind die twee rymende verse tot 'n eenheid.

## 29. PARADOKS

Skynbare teenstrydigheid, bv. om die waarheid te sê, moet ek lieg

## 30. PARENTESE

Verskynsel waar 'n sin of versreël onderbreek word deur die invoeging van 'n woord, sin of sinsdeel deur die gebruik van aandagstrepe, kommas of deur hakies voor en na die invoeging.

## 31. PARODIE

'n Parodie of hekeldig is 'n spottende nabootsing van 'n ernstige geskrif. Dikwels word die skrywer se styl of skryfwyse geparodeer of belaglik gemaak.

## 32. PERSONIFIKASIE

Wanneer ons aan die natuur of aan lewelose voorwerpe, diere en abstrakte begrippe menslike eienskappe toeskryf, noem ons die verskynsel personifikasie. **Personifikasie** kom dikwels in gewone spreektaal voor, bv. Die koppie se *oor*, die *voet* van die berg, die tafel se *poot*, ens.

**L.W:** Dit is nie genoeg om die voorbeelde van personifikasie in 'n gedig raak te sien nie, jy moet ook nadink oor die geslaagdheid daarvan. Waarom gebruik die digter nou juis hierdie personifikasie?

## 33. POLISINDETON

Dit verwys na die herhaling van die woord **en**, bv. "*en hyg en skok en snork en swoeg opdraand*" (**Busrit in die aand**). Dit dui in hierdie geval 'n aaneenskakeling van aksies/bewegings aan. Dit word gewoonlik vir uitheffing en ter wille van metrum en ritme gebruik.

## 34. PROGRESSIE

In 'n gedig is daar PROGRESSIE (voortuitgang, ontwikkeling) wanneer die gegewens oploop tot 'n **KLIMAKS (hoogtepunt)**. Die progressie is soms te sien in die woorde wat in 'n sekere volgorde of patroon georden is, bv snik, huil, kerm, ween... Dit laat 'n mens dink aan trappe van vergelyking: hoog, hoër, hoogste of erg, erger, ergste.

## 35. REFREIN

'n Refrein is 'n vers of 'n strofe wat telkens terugkeer of herhaal word. Die refrein word dikwels gebruik by liedere, veral volksliedere – dan word dit soms 'n *koor* genoem wat na elke strofe gesing word.

## 36. RITME

Die woord RITME is afgelei van die Griekse woord wat "stroom" beteken. In die natuur is daar baie voorbeelde van ritmiese herhaling, bv. Dag en nag, die seisoene wat mekaar afwissel, ons hartklop, of asemhaling.

Ritme word geskep deur:

- afwisseling/opeenvolging van beklemtoonde en onderbeklemtoonde eenhede soos klanke, klankgrepe, alliterasie, assonansie en rymwoorde



- aanwending of doelbewuste weglating van patroonmatige stylfigure
- herhaling van patrone en strukture, bv. woorde, frases, versreëls, strofes, ens.
- tipografie - lengte van versreëls, oop spasies en aantal reëls in strofe
- versreël- en strofebou - rym, enjambement, ens.

### 37. RYMENDE KOELETTE

Strofes van twee reëls elk is koeplette. As hierdie koeplette boonop met mekaar rym, noem ons dit RYMENDE KOELETTE.

### 38. SATIRE

'n Satirikus is iemand wat op spottende wyse oor iets skryf. Waarmee word gewoonlik in 'n satire gespot? Menslike swakhede, allerlei dwaashede of ook wantoestande word bespotlik voorgestel – juis sodat 'n mens daarvoor moet nadink of aangespoor word om dit uit te skakel.

### 39. SEKSTET (SESTET)

'n Strofe wat uit 6 versreëls bestaan. In die Italiaanse sonnet kan die sekstet ook bestaan uit 3 tersines van drie versreëls elk.

### 40. SINEKDOGEE

Dit kom voor wanneer 'n **gedeelte** genoem word, maar daar word eintlik na die **geheel** verwys, bv. “en nuuskierige hande” (*last grave at dimbaza*). Hier word slegs na **hande** genoem, maar die bedoeling is eintlik dat daar **nuuskierige mense** by die geboorte was.

### 41. SINESTESIE

Dit is die verskynsel waar twee sake met mekaar in verband gebring word wat tot twee verskillende gebiede van die sintuiglike waarneming behoort.

Antjie Krog se *Ballade vir die onwaarskynlike seun*

“bruin lag” (bruin = sig / oë; lag = gehoorsintuig / ore)

### 42. SUBTITEL

Dit is die “*ondertitel*” van die gedig of verhaal, wat ons gewoonlik meer inligting gee omtrent die inhoud van die gedig as die titel self.

### 43. SPANNING

In 'n gedig word spanning verkry deur uitsteltegniek, herhaling van 'n kernwoord, woordkeuse, leestekens wat die tempo beïnvloed, kort klanke en staccato-effek.

### 44. STEMMING/ATMOSFEER

Dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; atmosfeer of emosie in 'n geskrewe teks.

### 45. TEMA

Dit is die sentrale idee(s) in 'n literêre werk. 'n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet / vanselfsprekend wees nie. Deur al die literêre elemente en betekenis van woorde, sinne en strofes in ag te neem, kan ons bepaal / aflei wat die tema in 'n gedig is.

Ons onderskei tussen onderwerp, tema en boodskap, bv. Antjie Krog se *Onderwyser*

- **Onderwerp:** 'n taalonderwyser
- **Tema:** Die innerlike krag wat spruit uit die toewyding en liefde vir sy lewenstaak
- **Boodskap:** 'n Toegewyde onderwyser wat die aanslae van sy beroep kan weerstaan.

### 46. TIPOGRAFIE EN TIPOGRAFIESE WIT

- Tipografie verwys na die gedrukte vorm van die gedig:
- Uitleg en bou van die strofes en versreëls op die bladsy
- Lengte van die versreëls
- Vorm van gedig of strofes

- Alleenplasing en inkeping
- Lettertipes, bv. kursief, hoofletters, kleinletters

Joan Hambidge: *Een sprong vir...*

### TIPOGRAFIESE WIT

- Die wit spasies in en om die gedig:
- Dit het nie altyd spesifieke betekenis nie.
- Dit dien as formele skeiding tussen strofes.
- 'n Dubbelspasie in 'n versreël kan die tempo en ritme beïnvloed en het meestal die funksie van beklemtoning.
- Inkeping dui op beklemtoning.

D.J. Opperman: *Safari*

### 47. UITROEPTEKEN (!)

- Verleen kragtigheid en beklemtoon die dringendheid van verse.
- Dit word gebruik om 'n gedagte of 'n woord te beklemtoon.
- Dit dui op sterk emosies of bevel.

### 48. UITSTELTEGNIK

Soms stel die digter doelbewus die hoogtepunt van die ontwikkeling in die gedig uit,

### 49. VERGELYKING

'n Vergelyking ontstaan wanneer die skrywer twee sake van uiteenlopende aard met mekaar vergelyk of gelykstel. Die skakel tussen die voorwerp en die beeld is gewoonlik die woorde **soos**, **nes** en **net soos**. Ons kan die vergelyking voorstel as 'n weegskaal. Daar is twee kante. Jy moet duidelik kan sien wat waarmee vergelyk word.

### 50. VRYE VERS

Hierdie digvorm verskaf aan die digter meer vryheid, omdat dit geen vaste vorm het nie. Baie keer is daar geen vaste rymskema nie. Die **lengte van versreëls en strofes wissel**.

Vrye vers het dus **nie 'n vaste rymskema**, wat verskillende verse en strofes aan mekaar bind nie, maar daar is ander skakels. Dikwels is daar **woorde wat herhaal word**, gedagtes wat met ander in die gedig verband hou, herhaling van dieselfde klanke. Al hierdie soort elemente help om die gedig in 'n eenheid saam te bind.

Soms bestaan die gedig net uit een sin, (bv. *Ek is oek important*). Maar in hierdie sin noem die digter 'n hele klomp goed op. So 'n **opeenstapeling of opnoem** is nog 'n kenmerk van die vrye vers. Dit is belangrik dat wanneer 'n mens 'n vrye vers ontleed, jy al die skakels moet soek wat die gedig tot 'n hegte eenheid bind, sodat die betekenis en boodskap daarin duidelik blyk.

### 51. WOORDSPELING

Wanneer 'n skrywer "speel" met die verskillende betekenis wat 'n woord kan hê. Soms word woordspeling gebruik ter wille van die grappige indruk wat daardeur gewek word, maar veral sodat die woord weer "nuut" kan wees.

Die humoristiese gebruik van 'n woord om 'n ander betekenis uit te bring; maak op geestige wyse gebruik van woorde wat verskillende betekenis kan hê of woorde wat eenders klink, bv. woordspeling by grappe Charles Fryer se *Oulaas*

"kispakke"

("kis" verwys na die kis waaruit hulle die klere vir spesiale geleenthede uitgehaal het, bv. kerkklere. Dit kan ook na die kis wat hulle dra, verwys.)

**L.W.: Dit is die taak van die leser om die volle betekenis van die gedig te ontleed deur al die tegniese aspekte uit te lig en die funksie en betekenis daarvan binne die gedig te ontleed.**